



TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Nonnie broei haar tweeling uit



Hoofstuk I, Deel xi

Laas het ek vertel van my eerste ontmoeting met Nonnie soos ek haar gedoop het, die Kaapse Ooruil (*Bubo capensis*) wat kom nes maak het daar by die Malibamatsorivier langs my paadjie werk toe.

Nonnie se spesie is nou wel op die heel onderste plek van die oorlewingsgevaarlys en nog heeltemal buite gevaar van uitsterf, maar ek het haaren haarnes behandel asof dit die heel laaste broeipaar van die familie *strigidae* was en met streng geheimhouding ons ontmoetings gereël.

Vroeër as gewoonlik opgestaan en dan daar langs die pad gaan aftrek en gewag dat die son opkom sodat ons twee mekaar kon bestudeer.

Ook maar dom, het ek aanvanklik gehoop om betyds daar te wees as sy terugkom van haar nagtelike jagtogte, maar ek was altyd te laat. Sy was reeds daar as die oggendsonnetjie hoog genoeg daar van Natal af geklim het om die diep vallei se nagskemering te verdryf. Min het ek geweet sy was nooit weg nie. Later sou ek oplees en bevestig dat manlief vir haar die hele tyd vir haar kos aandra terwyl sy die vier of vyf weke wat dit neem, pal op die eiers sit tot hulle uitbroei. Hoewel ek presies geweet het waar sy sit, was Nonnie so goed gespikkel en gekamoefleer dat sy presies gelyk het soos die klip agter haar. Ek moes maar elke keer eers effe soek en lank en stip kyk tot sy haarself weggee met daardie pragtige groot, ronde geel oë.

Dit was met groot lekkerte dat ek die dag daar was toe die eerste uilskuiken uitbroei. Die moes gedurende die vorige nag al gebeur het, want toe ek stop, was ma al reeds doening met die voer van die nuwe babas. Dis eers toe dat ek beseft het dat pa ook die hele tyd daar in die omgewing was. Dat hy my seker die hele tyd met 'n geel houtoog vanaf 'n ander uitkykpos dopgehou het terwyl ek sy vrou afgeloer het. Effe kleiner as Nonnie, maar soos dit 'n goeie pa betaama, het hy helder oordag, veral vroeg oggend en laat middag, gaan jag. Daar opgedaag met heerlike happies muis, akkedis en selfs ander voëls vir die gulsige, altyd honger tweeling. Ek het die familie elke dag wat ek kon, gaan besoek totdat die twee jong uile die dag die nes die laaste keer verlaat het en Nonnie hulle saam daar weg is.

Ons Hulpfonds kort nog bydraes

Ek sien vandag Onsdorp se Hulpfondrekening het nog net R6800 in. Genoeg geld in vir nog 6 maande se aankoop van volwasse doeke vir ons oumensies daar in Bloemfontein. Dankie aan die ongeveer 10 mense wat darem nog gereeld hul bydraes maak, ten spyte van die ekonomie wat so knyp aan elkeen se beursie. Vir die nuwe lesers wat nog nie weet nie, ons skenk elke maand R1200 vir die aankoop van doeke aan voorheen hawelose en hulpbehoewende bejaardes wat tans huisvesting kry by Athalia Uitrek. Gaan kyk gerus na hulle webwerf om te sien watter goeie werk Ans Coetzee en haar span daar doen. Indien jy hulle direk wil kontak sal jy al die besonderhede kry by: www.athalia.co.za
Ek sal ook weer die rekeningbesonderhede saam met die Kammanuus e-pos plaas indien jy wil help om ons fondse weer 'n hupstoot te gee.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Lees die begin van die storie op www.onsdorp.com

Om die kampvuur

Affie plaas padstal

Soos Groente en Vrugte is ons in die Allerhoogste se tuin:
Pampoen, moenie Komkommer nie en sing 'n Litchi vir ons HEER!

Jy is Sy Uie kind, sy oog-Appel!
Laat jou Kersie vir Hom brand,
want so by my Kool,
Ons Heer sal jou op-Raap en jou bewaar, al is jou naam Pieter of Sielie!

Hy sal nooit Rissie, in Sy arms het Hy jou Beet,
Met Sy liefde be-Aarbei Hy jou!
Is jy soms harde Koejawel, sal Hy jou nie uit Sy hart Skorsie,
Daar is jy vir altyd inge-Wortel

Vreemde versoeke

Daar was oor die jare talle vreemde plaatversoeke aan die SAUK. 'n Ouerige tannie van die diep platteland stuur 'n briefie om asseblief tog vir haar dogter die plaat 'n *Sterfgeval in die Hemel* te speel.

Toe hulle haar ná baie gesukkel per telefoon opspoor, blyk dit die plaat waarna sy eintlik gesoek het was *A Star fell from Heaven*.

Daar was ook iemand wat die *Muis in die Kruis* aangevra het in plaas van *Amazing Grace*. My vriendin het vertel van die omie wat gevra het hulle moet die liedjie *Ek Sien 'n Perd by Noupoot* staan speel. Dit was toe eintlik *Ek Sien 'n Poort Wyd Ope Staan*.

'n Noord-Kaapse tannie het die dominee versoek het dat hulle *Rok Vol Eiers Geklits Vir My* by die oom se begrafnis moet sing. Dit was *Rock of Ages Cleft For Me*.

Hoeveel van julle kan die die fout kry?

ABCDEFGHIJ
KLMNOPQ
RSTUVWXYZ

Of gaan kyk dan maar
agteraan Agteros

BYNAME

In Bothaville was daar 'n ou oom wat altyd silwestukke in sy sak geklingel HET: Oom Jan Kontant. Noord van die dorp het 'n ryk boer geboer wat sy hoekpale en windpompe en waenhuisdeure als silwer geverf het: Oom Blink Hans.

♦In my verlede is 'n onderwyser wat sy bles met 3 stroke hare probeer toekam het. Dit het gewerk tot met rugbyoefening. Hy is Slymkuif gedoop.

♦'n Onderwyser met die bynaam Droogte se seun was Kalahari. 'n onnie met 'n lang neus was "Snuif".

♦Ons het Geronkie gehad - so lank soos 'n giraffe en so slim soos 'n donkie.

♦Ons Skoolhoof het bekend gestaan as Knop, vanweë 'n knop op sy voorkop. Nadat hy daaraan laat opereer het was hy tydelik Patch, maar die Knopnaam het maar bly steek.

Die herkoms van gesegdes (39)

Saans: Saans gousblom, soggens molshoop (gesê as iemand tot laat feesgevier het en die volgende oggend nie kan opkom nie).

Een van die kenmerke van 'n gousblom is die sierlike hofies met groot geel of oranje blomme; 'n sterk kontras met die bruin sand van 'n molshoop sonder blomme.

Sieke: Die sieke dra die gesonde (die minderbevoorregte help die bevoorregte). Ontleen aan 'n dierefabiel van Jakkals en Wolf. Dié twee sluip 'n skaapkraal binne deur die skuiwergat en begin skape vreet. Jakkals gaan kyk kort-kort of hy nog dun genoeg is om uit te kom.

Toe dit knap gaan, beur hy deur en skree: "Boer! Boer! Wolf is in jou kraal!" en hy hardloop weg. Wolf is te dikgevreet, en die boer se honde byt hom amper dood.

Toe hy uiteindelik bykom, struikel hy aan huis toe en ontmoet vir Jakkals wat maak of hysiek is van die slae wat Boer hom dan sou gegee het. Op sy gesmeek willig Wolf uiteindelik in om Jakkals te dra, al is hy self so ellendig. Jakkals sing saggies: "Die sieke dra die gesonde".

Afrikaners op reis



Ons praat van oorsee. Soos Europa, Suid-Amerika en Asië. Plekke waar mense nie Engels praat nie en waar mense net kakieklere koop as hulle 'n vakansie in Donker Afrika beplan.

Maar hoe herken jy jou volksgenote oorsee? Hier is dit dan, in geen spesifieke volgorde:

- 1.** Jy kan hulle dadelik uitken aan hulle K-Way baadjies en/of Crocs. En boepense.
- 2.** Hulle het die gehoorsaamste kinders in 'n duisend seemyl.
- 3.** Hulle spot graag oor hoe die Franse en Italianers bestuur, maar het eintlik nog nooit self daar bestuur nie. En wanneer hulle weer in Suid-Afrika terug is, jaag hulle weer rooi verkeersligte, praat in die ry op selfone of bestuur huis toe ná 'n braai waar hulle vier biere en ses dubbel brannas-en-Coke geklap het. Sonder om die ironie te snap.
- 4.** Hulle dra 'n Springboktrui of -serp. Selfs in die Europese somer.
- 5.** Hulle bestel in Parys eers 'n bier of twee en daarna lemonade of Coke – wat hulle skelm optop met die *hip flask* in Mevrou se handsak. Dit is 'n brood-en-botter tegniek, veral as die wisselkoers nóg verder in sy moer in styg.
- 6.** Hulle kla oral dat “die vleis so min is.”
- 7.** Hulle eet nie somer kos wat hulle nie ken nie. Daarom verkies hulle pizza's, pasta, hamburgers, hotdogs en KFC. En as hulle régtig avontuurlustig is, sal hulle Burger King op München se lughawe probeer.
- 8.** Hulle is verbaas wanneer hulle agterkom dat daar nêrens Richelieu-brandewyn in Frankryk te kry is nie. Die Franse kroegmanne, aan die ander kant, is net so verbaas wanneer Piet, Koos of Gert uiteindelik moed opgee in hulle soektog na brandewyn en dan 'n dubbel Courvoisier-cognac bestel en 'n halwe bakkievrag ys en 'n blikkie Coke daarby moer. Die kroegman sal *sacre bleu* prewel. In Afrikaans beteken dit losweg: “Jou kômmin bliksem”.
- 9.** Hulle kla oor die prys van kos, maar nie oor die prys van 'n kaartjie na 'n *live sex show* in Amsterdam of Bangkok nie.
- 10.** Gepraat van Amsterdam, hulle glo dalk tydens vergaderings van die skoolbeheerraad dat “dagga tot harder goed lei,” maar 'n *joint* in Amsterdam het niemand nog seergemaak nie. Nes 'n wandeling deur Walletjiesstraat, nè?
- 11.** Hulle dink dat Italianers (die afstammeling van die Romeinse Ryk en die mense wat vir die Renaissance verantwoordelik was) en Franse (bekend vir hulle filosofie, letterkunde en vaders van die klassieke kookkuns) almal 'n bietjie agterlik is gemeet aan hulle vriende van Waterkloof: “Jinne Jean-Marié, jy moet sien hoe die spul óp mekaar bly!”
- 12.** Hulle sal kliphard alles en almal om hulle in Afrikaans bespreek, maar sal tuis kla oor die “luidrugtige fokken Amerikaners oorsee”.
- 13.** Hulle kan nie glo dat hulle beroof word as hulle met duur kameras en half-oop rugsakke in groot stede rondslenter nie.
- 14.** Hulle is die dronk, luidrugtige rugby-ondersteunersgroep wat hardop op Heathrow salsê: “*Check* daai blondie daar anderkant se tiete, kwa-kwa-kwa-kwaaa!!!” – voordat hulle 'n week later weer stelling in hulle kerk se ouderlingbanke inneem.
- 15.** Oorsee begin hulle na 'n week terugverlang na ons lekker weer, goedkoop kos en drank – maar die oomblik dat hulle weer in Suid-Afrika land, begin hulle oor die misdaad en die korrupte regering kla.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

HELP!

Die polisie kry 'n telefoon-oproep om hulp.
 "Help asseblief, hier het nou net 'n kat deur die venster geklim!"
 "Wat bedoel jy, 'n kat?" vra die polisieman.
 "'n Kat! 'n groot kat! 'n Ding wat maak miaau ... Hier kom die kat vir my!"
 "Maak jy 'n grap?" vra die polisieman.
 "Nee!! Heelppppppppp!!!"
 "Met wie praat ek?" vra die polisieman.
 "Met die blerrie papegai!"



FORTUINVERTELLER

Die padda gaan na die fortuinverteller toe. Die fortuinverteller kyk in haar kristalbal en sê:

"Woensdag gaan 'n pragtige blondine intens in jou belangstel, sy gaan stip na jou kyk en laag oor jou buig, dan gaan sy..."

Die padda val haar in die rede en sê:
 "... gaan sy my soen en dan gaan ek in 'n prins verander en dan gaan ons vir ewig gelukkig saamlewe?"

"Nee," sê die fortuinverteller, "sy is 'n biologiestudent."

SOEWENIER

Die junior lugwaardin voel op 'n dag nie lekker nie en maak 'n draai by die apteek.

Sê die apteker hy's nie seker nie, maar hy dink daar's fout met haar een nier. Sy moet 'n kwak gaan sien.

Sy maak 'n afspraak en na 'n deeglike ondersoek, sê die arts:
 "Nee, daar is geen fout met jou linkerniertje, nog minder met jou regterniertje, Wat jy wel het, is 'n soeweniertjie van 'n vlieëniertjie."

ONGELUK

Landdros: Jy kan nie vergoeding vir 'n beroepsbesering eis omdat jy swanger is nie.
 Blondine: Hoekom nie? Dit was 'n ongeluk – en dit het by die werk gebeur!

SWANGERSKAP

Twee blondes sit en gesels by die hair dresser.

Eerste een: "Ek het gegaan vir 'n pregnancy test."

Tweede blond: "Was die vrae moeilik gewees?"

MEEL

Tydens 'n konferensie (in Engels) vir egpare noem die spreker dat egpare so verwyderd van mekaar leef dat 85% van mans nie weet wat is hul maat se gunsteling blom ("favourite flower") nie.

Koos leun oor na sy vrou en fluister: "Dis self-raising, nè?"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Duskantlander in Anderkantland

Volunteers is volop in Afrika

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

In die gebied waar ons woon en werk, sien ons vrywilligers meestal in Oxfordstraat afdrentel. Oxfordstraat is 'n besige byenes van oppie-straat-mark en blink winkels wat beide probeer besigheid doen. Die *volunteers* klos in bondeltjies saam en drentel straatlangs tussen smouse en dreinslote deur en soek na een of ander soort *kakkie* wat hulle as aandenking kan terugkarring na waar hulle vandaan kom.

In Akkra het elke item in die mark drie onoffisiële pryse. Die regte en laagste prys is vir die malletjie wat vanoggend uit die asieltehuis gedros het en so te sê kaalgat op straat rondloop. Die hoogste prys is vir ekspats, want ons is mos almal ryk donners wat dit goedkoper in ons eie land kan gaan koop as die prys ons nie pas nie. Die Alleman op die straat sonder plakkies en met 'n horlosie betaal 'n spatsel meer as die malletjie.

Daar is twee soorte vrywilligers wat op Afrika-bodem aanland.

Die eerste soort kom net vir 'n lekker tyd. So 'n oulaas wegbreekkansie waar hulle kwaai ouers ver genoeg is sodat hulle dik aanjaag en jol, maar mammi naby genoeg is wanneer die kontantjies opdroog.

Hierdie arrogante soort herken jy op 'n afstand. Hulle loop met kitaar oor die blad, koop Afrika-tromme, dra uitgetrapte leersandale, bont ambande en leertoings ingeryg van die gewrig af tot op die elmboog. Hulle het gewoonlik wollerigge vlegsels en hulle dra 'n bont doekbroek en eina T-hempie wat plat, slap tieties mooi uitwys.

Hulle het name soos Mercedes, Zoë of Immogen en 'n Rasta-pappie drentel soos 'n hond op hitte agter hulle aan. Saans sien jy hulle op die strand waar hulle aaptwak-zolle in 'n strandkroeg met warm bier en swak beligting deel. Die vrywilligers het een of ander helsbegeerte om Afrika se ritmes en donkerste geheime en kutuurskokke eerstehands te beleef, maar hulle reis nooit verder as 'n dagreis van die lughawe af nie.

Jare later, as hulle sifilis oorleef het, het hulle geen kontak meer met enige Ghanaees nie en kan hulle niks onthou van Akkra of Ghana nie, net dat dit 'n moerse warm jol was. Hier en daar is ene wat definitief te veel van die tradisie opgeslurp het, want hulle bly aan en trou en gee só 'n plaaslike ou die geleentheid om sy hele familie te laat immigrer.

Die ander soort kom blinkoog met 'n soort illusie dat hulle uitverkore is om in 'n bestek van drie maande Afrika se armoede radikaal gaan verlig en uitwis. Daar's dié wat aanvanklik eeffanaties opgewonde voorkom oor hulle nuwe vrywillige projek.

“ Hulle deel hul etes, leer 'n paar taalgrepe aan en leer om met 'n emmer te stort.

Dit word gou vervang met 'n moedelose oorweldiging soos 'n dier wat in 'n strik gevang is en moeg gespartel net bly staan.

Hierdie verwese engele gaan werk in weeshuise, gee skool in modder-en-riet klaskamers en help bou aan modder-en-riet klinieke doer diep innie bosse.

Dit word gou vervang met 'n soort illusie dat hulle uitverkore is om in 'n bestek van drie maande Afrika se armoede radikaal gaan verlig en uitwis. Daar's dié wat aanvanklik eeffanaties opgewonde voorkom oor hulle nuwe vrywillige projek.

Van hulle is ernstige Amerikaanse kerkmense wat sendingwerk wil kom doen. Hulle is nou régte vrywilligers wat hulle etes deel, die taalgrepe aanleer, stort met 'n emmer water en toevallig ietsie leer oor die mense en hulle kultuur.

Hierdie soort herken jy aan hulle kommin Chinese rubberplakkies, stowwerige voete, toing- en olierige hare, 'n week laas gewaste lap om die lyf en hulle het die hele Ghana kruis en dwars besoek.

Hulle werk hulle krom in die kaniingson, stap myle aan in stofpaadjies na die naaste busstasie en slaap op geweefde vloermatjies onder muskietnette in strooihutte. Ná enkele weke is hulle self so armoedig dat gesoute straatmouse hulle nie eens nader roep nie.

Van Rasta-pappies is daar geen sig nie, hulle vermy die erg kerklike soort erger as die polisie self.

Hierdie soort betaal dieselfde markpryse as die malletjies.

Stamboom

Help ons familiesoekers

BRUMMER renettehill@live.co.za

Wie kan help met informasie oor Frederick J Brummer. Hy was getroud met Anna Catarina van der Merwe gebore 1 Maart 1840. Anna se tweeling broer was Schalk Jacobus van der Merwe gebore 1 Maart 1840.

ENGELBRECHT amanda21august@gmail.com

My nooiensvan was Engelbrecht (Oupa Josias Andries en ouma Huibrecht Aletta ook Engelbrecht). Albei het in Leeudoringstad gewoon. My ouma was glo van die Sandveld afkomstig. My man is Christiaan Wessel Ebersohn, sy pa was Wessel Wessels Ebersohn, gebore in Nakop Namibië. Enige inligting is welkom.

JOHANSEN regie.bezuidenhout@sappi.com

Ek wil net uitvind van waste afkoms is Johansen?

KROTZ ashlin@witzenberg.gov.za

Gee asb soveel inligting moontlik oor die Krotz-familie. Geboorte asook datum van afsterwe en waar hulle gewoon het.

LOSPER andrelospers@live.com

Wil graag meer inligting kry oor ons familie se herkoms.

MANDELKORN logistics600@gmail.com

Abraham Mandelkorn was my father. Born Swartmodder Upington and died in 1970 at Pietersburg. Herman Mandelkorn born 26 November 1958 at Florance nightingale hospital in Johannesburg and died in a car accident in 1996 near Middelburg TVL. Roudoulf Mandelkorn born at Oberholtzer, Cartonville in 1960 and died 2001 in JHB.

SMIT smitjohan72@gmail.com

Voor 1900 vanuit Suid-Wes.

VAN DER MERWE magdarautenbach67@gmail.com

Ek is Maria Magdalena (Magda) Van der Merwe. Gebore in Gobabis in 1969. Op soek na my oom Freddie Van der Merwe, die broer van Wilhelm (My pa) van der Merwe van Windhoek, en oom Pieter Hough en oom Frans Hough van Keetmanshoop of Windhoek.

VAN DE VENTER gerdie66@ymail.com

Ek soek die Van de Venter familiewapen asseblief. Sal bly wees as iemand my daarmee kan help.

Goeie vrou

1. Dit is belangrik om 'n vrou te hê by die huis wat kook, skoonmaak en 'n werk het.
2. Dit is belangrik om 'n vrou te hê wat jou laat lag.
3. Dit is belangrik om 'n vrou te hê wat jy kan vertrou en nooit jok nie.
4. Dit is belangrik om 'n vrou te hê wat goed is in die bed en wat by jou wil wees.
5. Dit is baie, baie belangrik dat die vier vroue nooit van mekaar sal weet nie, anders eindig jy in die graf soos ek.

Namakwalandse Engels

Die oom van Namakwaland het ook maar gesukkel met die Engels. Op 'n dag stap hy lekker honger by 'n restaurant in en 'n kelnerin kom vra sy bestelling.

Hy is lus vir 'n lekker hoenderdis, maar net daar gee sy bietjie Engels die gees en hy begin benoud rondkyk. Wat is hoender in Engels?

By die tafel orkant hom sit 'n man en 'n vrou en die man het twee gebakte eiers en roosterbrood op sy bord.

Dis toe dat hy aan die kelnerin beduie: "I want their mother."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Na skool gaan ek 'n actress word. En my naam verander in Natasha Jason. Met 'n naam soos Meraai Visagie het jy nie 'n kat se kans in die lewe nie!

Deur **JEANNE GOOSEN**

Dit is die naam op die houtbordjie voor haar wat my geheue oopgeruk het. Ek het lank na die vrou gestaar. Wragtig, dit was dieselfde ou Meraai! Van laerskooldae af was Meraai my beste pel. Ons het 'n paar dinge gemeen gehad.

Die mees uitstaande een was dat ons albei ge-blees was met 'n bedonderde pa – een wat die kinders wat kom speel, vuil kyke gegee het. Die ma's van Tygerberg was ook nie daarmee gediend dat hulle kinders met ons meng nie. Volgens hulle was ons twee "wilde merries", want ons het donkies gery, afgeduik in diep, gevaarlike poele, skoene gehaat en albei van ons het al weggeloop van die huis af. En, natuurlik, ons het dikwels skool gebank, Sondagskool en later katkisasie ook.

Vir ons was skool 'n vervelige hel wat jy teen jou sin moes deur. Onderwysers was simpel en die kinders stupid verby. Die dominee en die kerkraad was nou eers vir jou terug op die brug – om nie te praat van die dorp se grootmense nie. So gemaak en so gelaat staan, alkant gatkant. Kortom, die hele ou plek was 'n bleddie goor ou joint.

"Eendag is eendag," het ons onself dikwels belowe. Of: "Ons sal hulle nog wys, wag maar??.?." Dit was gewoonlik nadat ons weer gestraf is vir die een of ander ding.

Amper was ons ook nie aangeneem as volwaardige lede van die NG Kerk nie. Ou Bruwer, die dominee, het ons een middag konsistorie toe laat kom, gesê dit het sy ore bereik dat ons bedags uithang by die Libanese se dansklub naby die Engelse kerk. En dit nogal terwyl ons katkiseer. En toe het hy gebid, 20 minute lank. Op 'n kol het ek en Meraai begin grens. Ou Bruwer het dit vertolk as berou, maar wat hy nie geweet het nie, is dat dit uit woede en magteloosheid was.

Niemand het geweet dat ons, wanneer ons skool bank, die verskuilde paadjie teen Tygerbergkop op gevat het nie. Daar agter die berg het ons in 'n ou gwarriegat ingedui en geswem, in die son gelê en die hele dorp van A tot Z beskinder.

Ek sal die een dag – dit was in ons laaste skooljaar – nooit vergeet nie. Ons het gesit met ons voete in die water. Ou Meraai was besonder stil. En toe swaai sy skielik haar lang, nat hare swierig agteroor en sê vir my: "Ou Jannas, ek het my mind opgemaak."

"Ná skool gaan ek 'n actress word. En my naam verander in Natasha Jason." Sy het 'Natasha' op so lispelende, half sad manier gesê en dromerig voor haar uitgestaar. "Met 'n naam soos Meraai Visagie het jy nie 'n kat se kans in die lewe nie!"

Teen daardie tyd het ek ook al my mind opgemaak, maar ek het niemand daarvan iets vertel nie. "En ek gaan 'n komponis word," het ek my geheim verklap.

"Maar klassieke musiek, soos Mozart en Berlioz en nie hierdie klomp Hansie Slim-tjol nie!"

"Ek gaan oorsee," sê Meraai. "Elke aand uiteet; kaviaar, olywe en pienk sjampanje."

Meraai het opgespring, haar sak oopgemaak en met 'n pakkie Lexington 10 vorendag gekom, een tussen haar lippe gedruk en die pakkie vir my uitgehou:

"Kom ons rook, sê die spook!"

Ek het een geneem asof rook 'n ou laai van my was en daar lê ons op die klipbanke, hoes, proes, stik en stook. Ons het aspris gerook omdat dit verkeerd is en omdat ons gatvol was vir die hele ou sous.

"As jy iewers wil kom, moet jy aan alles gewoon raak, ervaring opdoen," sê Meraai en probeer vergeefs rookkringetjies uitblaas. Onder in die vallei het die skoolklok begin lui. "Ek stick jou vir fliek," het Meraai gesê, "ek het geld."

Daardie middag sit ons toe af na die Lantern en in die half leë donkerte kyk ons Cat on a Hot Tin Roof met Elizabeth Taylor as Maggie.

Om 'n lang storie kort te maak: Ná skool het ons paaie geskei. Meraai se pa was 'n stasiemeester en is na 'n plek iewers in die Karoo verplaas.

Aan die begin het ons vir mekaar geskryf, maar dit het ook doodgeloop. Ons soort drome werk ook maar net in stories uit – sy in 'n bank en ek wat elke job wat na my kant toe kom, moet vat.

Ons het mekaar later die middag in 'n koffiekroeg daar naby haar werk ontmoet. En daar sit ons twee hoog en droog, elkeen met 'n mond vol tande en ruil onbelangrikhede uit: die en daai is dood, Dinges is sak en pak Sydney toe en ou Jan is in 'n gestig. Bla bla bla.

Ek weet ons het albei gedink aan ons ideale van vroeër om bo uit te kom, Elizabeth Taylor en ons frustrasie met die dorp se klomp goorgatte wat van kuns nooit iets verstaan het nie.

Dit was amper asof ons van voor af nukkerig was oor alles. En toe, asof Meraai besluit het genoeg is genoeg, maak sy haar handsak oop, haal 'n pakkie siggies uit, hou dit na my kant uit en sê: "Kom ons rook, sê die spook!"

En toe lag ons. Ja, ek en ou Meraai.

KAMMANUUS verskyn weer op 24 NOVEMBER

Die alfabet: Die woord 'die' is die fout – dit verskyn twee keer.